NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 JULIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan almal teenwoordig op die laaste raadsvergadering van hierdie termyn van die munisipale raad.

Pastoor H S Rezant van die Apostoliese Kerk van Suid-Afrika open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Y S Cox-Chetty, A C Sedeman en B J Stanley.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1 OORHANDIGING VAN PRYS AAN WENNER VAN FACEBOOK FOTOKOMPETISIE (9/1/5)

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond by wyse van 'n visuele voorlegging van die Facebook fotokompetisie wat gedurende Mei 2016 geloods is met die tema – Ons pragtige Swartland.

Die doel van die foto-kompetisie op Facebook was om –

- 'n positiewe klimaat te skep;
- groter bewustheid van en liefde vir die Swartland omgewing aan te moedig;

3.1/...

- meer mense van Swartland Munisipaliteit se Facebookblad bewus te maak;
- goeie Swartland foto's te kry vir toekomstige gebruik in munisipale publikasies.

Die top tien foto's wat ontvang is word vertoon, en noem mnr Scholtz dat die plasing op Facebook 12 351 persone bereik het. Op 23 Junie 2016 is die wenner op Facebook bekend gemaak en hierdie plasing het 2 831 persone bereik. Die foto's is deur die Swartland Fotografieklub beoordeel.

Die prys vir die wenfoto – 'n Canon IXUS 175 kamera geborg deur Canon Business Centre Paarl – word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die wenner, me Mary Ann Bosch Baldinger, oorhandig.

Me Bosch Baldinger bedank die Raad vir die uitstekende inisiatief en doen 'n beroep dat die kompetisie 'n jaarlikse instelling word. Sy sluit haar bedanking af met die volgende woorde: "Ek wil graag onderstreep wat ons reeds weet – die Swartland is bekoorlik pragtig".

VIR KENNISNAME

3.2 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE AAN UITTREDENDE RAADSLEDE (3/1/5)

Die Speaker reël dat die oorhandiging van die sertifikate aan die einde van die vergadering plaasvind – sien item 8.13.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 MEI 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Mei 2016 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 26 MEI 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Mei 2016 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 APRIL 2016
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 APRIL 2016

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 MEI 2016
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 MEI 2016

5.3/…

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 8 JUNIE 2016
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 1 JUNIE 2016

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 16 MEI 2016

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 20 MEI 2016

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERIG GEHOU OP 9 JUNIE 2016

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 VULLING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE: HOOF FINANSIËLE BEAMPTE (4/3/B)

Die item word in-komitee behandel na afloop van die spesiale raadsvergadering.

8.2 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 JULIE 2016: ONTWIKKELINGSDIENSTE EN BESKERMINGSDIENSTE (4/1/1/2/1)

Die wysiging van die organisatoriese struktuur van die Departement: Ontwikkelingsdienste is genoodsaak deur die toepassing van die nuwe SPLUMA-wetgewing, terwyl dié van die Departement: Beskermingsdienste genoodsaak is deur operasionele vereistes.

Die wysigings was voorgelê tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 8 Julie 2016 (sien volledige verslag aangeheg) en word aan die Raad voorgelê vir kondonering.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die wysigings van die organisatoriese struktuur van Ontwikkelingsdienste en Beskermingsdienste soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met ingang van 1 Julie 2016, gekondoneer word.

8.3 NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2016/2017 (16/2/1/2/1; 5/4/1/3)

Die munisipale raad het op 31 Maart 2016 die konsep elektrisiteitstariewe goedgekeur wat ingevolge die konsultasiedokument van NERSA, en in die lig van 'n Eskom-verhoging van 7,86% vir 2016/2017 bepaal is. Die voorgestelde tariewe is op 1 April 2016 aan NERSA vir goedkeuring deurgegee.

Verskeie konsultasies het na afloop van die indiening met NERSA plaasgevind, waarna finale goedkeuring op 8 Junie 2016 vanaf NERSA ontvang is.

Die item het ook voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 13 Julie 2016 gedien om die gewysigde tariewe aan die Raad aan te beveel vir goedkeuring.

8.3/...

Rdl D B Philander versoek dat die nuwe munisipale raad oorweging daaraan moet verleen om meer bekostigbare tariewe vir gebruikers wat ook as arm geag word, maar wat nie deernissubsidie ontvang nie, te beding.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis met veertien (14) stemme ten gunste daarvan, met ses (6) raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die aangehegte verslag wat op 13 Julie 2016 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê was;

(b) Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekondoneer word, naamlik:

(i) Dat kennis geneem word van die goedkeuring van die verhoging van elektrisiteitstariewe deur NERSA vir die finansiële jaar 2016/17;
(ii) Dat die volgende verlaagde tariefverhoging soos deur NERSA vasgestel vir 2016/17, goedgekeur en aanvaar word en die gevolg van 'n geskatte laer jaarlikse inkomste van R12 774 (0.0052% van die totale geskatte inkomste), kennis geneem word:

Tarief	NERSA Verhoging toegestaan	Tarief per kWh goedgekeur deur NERSA
4. Kommersieel alternatief <15A	6.60%	R1.9210
9. Sportveldverligting insluitende instandhouding	0%	R2.9449

8.4 2016/2017 BEGROTING: REGSTELLING VAN SAALTARIEF (5/4/1/1, 17/9/1/2)

Die Aandtarief wat gehef word vir die gebruik van die onderskeie sale in die munisipale gebied is per abuis foutief opgeneem in die tarieflyste wat op 26 Mei 2016 deur die Raad goedgekeur was.

Die regstelling word in die aanhangsels tot die verslag toegelig.

Rdl D B Philander noem dat die saaltariewe onbekostigbaar raak vir die gemeenskap, veral in die lig van die dwelmprobleem en dat daar 'n plek van samekoms moet wees om met die jeug te skakel. Rdl Philander noem dat voormelde bevestig word deurdat al hoe meer mense gebruik maak van die kerksale, eerder as die munisipale saalfasiliteite.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis met dertien (13) stemme ten gunste daarvan, met sewe (7) raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die tariewe vir die verhuring van munisipale sale, soos per Aanhangsel A gemerk, vervang word met die korrekte tariewe per Aanhangsel B;

(b) Dat goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om genoemde regstellings met die aansuiweringsbegroting te inkorporeer;

(c) Dat regstelling van die betrokke tariewe terugwerkend met effek vanaf 1 Julie 2016 goedgekeur word en kennis geneem word dat sodanige regstelling nie 'n wesenlike effek het op die 2016/17 inkomstebegroting nie.

8.5 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL – JUNIE 2016 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

8.5/...

Hierdie vereiste dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 4 soos op 30 Junie 2016 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl L Traut)

(a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52(d) van die MFMA ten opsigte van die implementering van die begroting, sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2016 tot 30 Junie 2016;

(b) Dat kennis geneem word dat hierdie voorlopige syfers is as gevolg van jaareind-prosesse met inagneming van die finalisering van die 2015/2016 finansiële state en prestasieverslag.

8.6 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die aangehegte jaarverslag vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 het ook voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 13 Julie 2016 gedien.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat daar kennis geneem word van die Jaarverslag van die Voorsieningskanaalbestuurs-beleid se implementering wat ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C).

8.7 ONREËLMATIGE UITGAWES AANGEGAAN MET DIE VERANDERING IN DIE VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID (5/1/B)

Die Raad is reeds op 31 Maart 2016 ingelig aangaande die wysiging van die Swartland Munisipaliteit se Voorsieningskanaalbestuursbeleid (SCM-beleid) op aanbeveling van 'n regskenner om afwykings tot die minimum te beperk. Hierdie wysiging het egter gelei tot onreëlmatige uitgawes in terme van paragraaf 12(2)(b) van die SCM-beleid.

Die onreëlmatige uitgawes ten opsigte van 2014/2015 finansiële jaar is op 31 Maart 2016 aan die Raad gerapporteer. Die Ouditeur-Generaal het egter tydens gesprekke op 25 Mei 2016 aangedui dat alle onreëlmatige uitgawes aangegaan in terme van die gewysigde SCM-beleid aan die Raad gerapporteer moet word.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige inligting aangaande die onreëlmatige uitgawes wat voor 2014/2015 en ook in die 2015/2016 finansiële jaar aangegaan is, voordat die SCM-beleid gekorrigeer is.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die uitgawe ten bedrae van R 882 844.66 ten opsigte van die vorige jare wat ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid teenstrydige aangegaan is, deur die Raad gekondoneer word, omdat die diens wel verskaf was en daar waarde vir geld ontvang is;

(b)/...

8.7/...

(b) Dat die uitgawe ten bedrae van R 198 311.83 ten opsigte van die huidige jaar wat ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid teenstrydige aangegaan is, deur die Raad gekondoneer word, omdat die diens wel verskaf was en daar waarde vir geld ontvang is;

(c) Dat die MEC vir plaaslike Regering ingelig word oor die onreëlmatige uitgawe wat in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid aangegaan is en die korrektiewe stappe wat geneem is;

(d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

8.8 EIENDOMSBELASTINGVRYSTELLINGS, AFSLAG, KORTING & "REVENUE FORGONE" VIR DIE 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Die Munisipale Bestuurder moet ingevolge artikel 15 van die Eiendomsbelastingwet op 'n jaarlikse basis aan die Raad verslag doen rakende alle belastingvrystellings, afslag en kortings toegestaan in die vorige finansiële jaar.

Die volgende is 'n opsomming van die Aanhangsels wat tesame met 'n verslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 13 Julie 2016 voorgelê was, en wat ook saam met die sakelys gesirkuleer is.

Beskrywing:	**Bedrag:**	
Vrystellings t.o.v. spesifieke kategorieë van eiendomme, art 7 en 8	R 458 009.02	
Korting – landbou-eiendomme	R 435 444.68	
TOTAAL:	**R 893 453.70**	Revenue Forgone
Korting – Afslag aan pensionarisse, R 200 000	R 1 220 772.86	
Grants-in-aid	R 2 415.12	
TOTAAL:	**R 1 223 187.98**	Korting
Afslag aan deernisse, R 100 000	R 2 345 987.37	
TOTAAL:	**R 2 345 987.37**	

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die aangehegte verslag wat op 13 Julie 2016 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê was.

8.9 BENUTTING VAN (1) MINERALE BRONWATER, MALMESBURY EN (2) OORTOLLIGE GESUIWERDE RIOOLAFLOOP, RIEBEEK KASTEEL (14/2/12)

Hierdie verslag word voorgelê om die Raad se goedkeuring te bekom om (1) die water afkomstig vanaf die minerale warmwaterbron te Malmesbury, asook (2) die oortollige behandelde rioolafloop van die Riebeek Kasteel Rioolwerke, by wyse van 'n openbare mededingingsproses aan voornemende ontwikkelaars/gebruikers beskikbaar te stel by wyse van ontwikkelingsvoorstelle en/of monetêre aanbiedinge.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen dat tenders met gebruiks-/ontwikkelingsvoorstelle by wyse van openbare tender ingevolge die voorkeurverkrygingsbeleid aan voornemende ontwikkelaars/gebruikers ingewin word, vir 'n doel wat vir die Munisipaliteit aanvaarbaar sal wees en vir 'n periode van tien jaar, ten opsigte van (1) die water afkomstig vanaf die minerale warmwaterbron geleë op erf 7211, Malmesbury, asook (2) die oortollige gesuiwerde rioolwater afkomstig vanaf die Riebeek Kasteel Rioolsuiweringswerke;

8.9/...

(b) Dat die suksesvolle ontwikkelaars/gebruikers aanspreeklik sal wees, onder andere, vir die aanlê en onderhoud van alle infrastruktuur (pypleidings, pomptoerusting) wat nodig mag wees om die water na hul persele te herlei;

(c) Dat volmag verleen word
(i) aan die Munisipale Bestuurder
- om te besluit of die mededingende bodproses 'n een- of twee-fase bodproses sal behels; en
- om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, 'n komitee aan te wys om die ontwikkelings-/gebruiksvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die tenderkriteria te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;

(d) Dat die finale toekenning van die tender ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit deur die bodtoekenningskomitee gemaak sal word;

(e) Dat 'n formele ooreenkoms in beide gevalle met die suksesvolle tenderaars gesluit sal word om alle aspekte te reguleer wat met die goedgekeurde ontwikkelings-/gebruiksvoorstelle verband hou of daaruit voortspruit;

(f) Dat oorweging daaraan verleen word om 'n sosiale verpligting op tenderaars te plaas as bydrae tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling tot voordeel van die onderskeie gemeenskappe.

8.10 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 11282, GEDEELTE ERF 1534, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Die Raad het in Mei 2013 goedkeuring verleen vir die aankoop van 'n gedeelte van erf 1534 (erf 11282, groot 9806m²) vanaf Transnet ten einde eiendom by wyse van 'n openbare mededingingsproses beskikbaar te stel vir die vestiging van 'n parkeerfasiliteit vir swaarvoertuie.

Die proses is vertraag deur onderhandelinge met Transnet en om oordrag van die eiendom te bewerkstellig.

Die reserweprys van R1,2 miljoen wat aanvanklik deur die Raad vasgestel is, is aangepas om die tydsverloop sedert die Raad se besluit van Mei 2013, asook kostes wat intussen aangegaan is om oordragte te bewerkstellig in ag te neem.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die vervreemding van erf 11282, gedeelte van erf 1534, Malmesbury (groot 9806 m²), vir die ontwikkeling daarvan as parkeer-/rangeerarea vir vragmotors, met gepaardgaande ablusiefasiliteite;

(b) Dat die reserweprys vir die betrokke eiendom vasgestel word op R1,530 miljoen, BTW uitgesluit;

(c) Dat kennis geneem word dat die eiendom nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(d) Dat volmag verleen word
(iii) aan die Munisipale Bestuurder
- om te besluit of die mededingende bodproses 'n een- of twee-fase bodproses sal behels; en
- om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, 'n komitee aan te wys om die ontwikkelingsvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;

(iv) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die finale tendertoekenning te maak, met dien verstande dat die monetêre aanbod meer of gelyk moet wees aan die reserweprys soos voormeld;

8.10/...

(v) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die tenderkriteria en voorwaardes van verkoop te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Malmesbury;

(e) Dat die Raad se voorneme om erf 11282, Malmesbury te koop aan te bied sodra oordrag daarvan bekom is in die pers geadverteer word vir publieke beswaar/ kommentaar, en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om te mag handel met enige besware wat ontvang sou word.

8.11 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ERF 7380, MALMESBURY (VOORMALIGE GEDEELTE TE PADRESERWE), GELEË TE VOORTREKKERWEG, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Die voormalige Malmesbury Oorgangsraad het in Augustus 1997 goedgekeur verleen dat die oortollige gedeeltes padreserwes wat grens aan erwe 1829, 2617 en 1684, Voortrekkerweg aan die onderskeie eienaars vervreem word.

Intussen is die gedeeltes padreserwes gehersoneer na besigheidsone 1 en by die Landmeter-Generaal geregistreer as erwe 7378, 7379 en 7380.

Nadat die vervreemdings nie deurgevoer is nie, het die Swartland munisipale Raad op 24 Mei 2007 sowel as op 29 Maart 2012 bogemelde besluit herbevestig, op voorwaarde dat die grond teen markwaarde vervreem word, wat in daardie stadium (2012) op R920,00 per m² (plus BTW) vasgestel is.

Twee van die eienaars het reeds oordrag geneem van die betrokke erwe, en die eienaar van erf 1684, vanwaar Piet Kemp Motors bedryf word, het onlangs verneem na die moontlikheid om ook nou oordrag te kan neem van erf 7380 (90 m² groot), wat aan erf 1684 grens.

Rdl C Fortuin verneem of dit billik is om die reserweprys nog steeds op R920,00 per m² (plus BTW) vas te stel, en of daar enige eskalasie sedert 2012 plaasgevind het.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die markwaarde afgeneem het, maar dat dit onbillik geag word om erf 1684 teen 'n verminderde prys beskikbaar te stel as wat die ander twee eienaars wat reeds oordrag van hul aangrensende erwe geneem het, betaal het.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die Raad sy besluite van 4 Augustus 1997, 24 Mei 2007 en 29 Maart 2012 herbevestig en goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat erf 7380, Malmesbury (groot 90 m²) uit-die-hand uit aan *Moov Fuel (Pty) Ltd* (die eienaar van erf 1684, Malmesbury) vervreem word vir konsolidasie met erf 1684, en wel teen R920,00/m², BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat erf 7380 as voormalig oortollige padgedeelte in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:

(i) Erf 7380 as ‘n ‘nie-bestaanbare bate’ nie op sy eie of as ’n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem of verhuur word aan ’n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom;
(ii) Die eiendom slegs sinvol aan die eienaar van erf 1684 vervreem kan word, en nie aan enige ander persoon of entiteit nie.

(d) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragskostes en die kostes van konsolidasie;

8.11/...

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die voornemende koper bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem.

8.12 HERSIENING VAN DIE REËLS EN PROSEDURES VIR WYKSKOMITEES (3/4/4/B)

Gedurende Maart/April is wykskomitees geleentheid gegee om insette te lewer ter hersiening van die bestaande reëls en prosedures vir wykskomitees. Daar het na afloop hiervan 'n werkwinkel met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, wyksraadslede en wyksbestuurders op 11 Mei 2016 plaasgevind.

Die onderskeie wyses waarop 'n wykskomitee saamgestel kan word, is in diepte gedurende die werkwinkel bespreek en daar is ooreengekom dat die reëls en prosedures vir wykskomitees gewysig word om slegs voorsiening te maak vir geografiese verteenwoordiging.

Die Reëls en Prosedures is op 13 Julie 2016 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die hersiende Reëls en Prosedures vir Wykskomitees in beginsel goedgekeur word vir voorlegging aan die "nuwe" Raad op 11 Augustus 2016 vir finale goedkeuring.

8.13 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE AAN UITTREDENDE RAADSLEDE (3/1/5)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om 'n sertifikaat van verdienstelikheid aan alle raadslede te oorhandig waarop die dienstermyne van die raadslede aangetoon word.

Die Uitvoerende Burgemeester maak spesiaal vermelding van die dienstermyne van die Speaker wat sedert 1997 ononderbroke as raadslid gedien het. Die dienstermyn van die Speaker was as volg:

- Raadslid: 1979 - 1982; 2001-2016
- Onderburgemeester: 1983 – 1984; 1997 – 2000
- Burgemeester: 1984 – 1997 Speaker: 2012 – 2016
- Raadsheerskap: toegeken 2009

VIR KENNISNAME

8.14 UITNODIGING OM DIE RAAD TOE TE SPREEK

Die Speaker rig 'n uitnodiging aan die Uitvoerende Burgemeester om die Raad op die laaste vergadering toe te spreek.

Rdh van Essen noem dat daar spesiaal gedink word aan persone wat 'n groot rol in die Swartland Munisipaliteit gespeel het en wat nie meer vandag met ons is nie – rdh A Johnson wat in 2012 oorlede is, en die voormalige Direkteur: Finansiële Dienste, mnr Cooper, wat weens sy siekte die diens van Swartland Munisipaliteit moes verlaat het.

Rdh van Essen spreek sy dank uit teenoor die lede van die burgemeesterskomitee, ander raadslede, Munisipale Bestuurder en bestuurspan en elke munisipale amptenaar vir die goeie samewerking wat tydens hierdie termyn van die Raad ondervind is.

8.15 AFSLUITING DEUR SPEAKER

Die Speaker, rdh N J A Rust, noem dat hy gedurende die afgelope 37 jaar elke dag iets nuut van die munisipale omgewing geleer het. Weens sy betrokkenheid by Swartland Munisipaliteit en ook die Weskus Distriksmunisipaliteit het hy baie mense leer ken, wat andersins nie oor sy pad sou kom nie.

Rdh Rust beklemtoon dat die volgende aspekte is wat bygedra het tot 'n suksesvolle dienstermyn –

- Belangrikheid van goeie menseverhoudinge;
- Lojaliteit teenoor kollegas en munisipaliteit as sulks;
- Goeie samewerking.

Rdh Rust noem dat hy bowenal die Hemelse Vader wil erkenning gee vir goeie gesondheid, deurdat hy in sy dienstermyn van die afgelope 37 jaar, slegs vanaf twee raadsvergadering afwesig was as gevolg van werksverpligtinge.

Rdh Rust sluit sy toespraak af deur alle raadslede te bedank vir die respek wat teenoor hom as Speaker betoon is, en dat raadsvergaderings altyd in 'n ordelike en konstruktiewe wyse volvoer is.

Rdh Rust rig 'n spesiale dank aan die Uitvoerende Burgemeester wat bereid was om sy kennis te deel en word rdh Van Essen beskou as 'n meester van sy amp. Onder sy leiding is Swartland Munisipaliteit tot groot suksesse gelei.

Rdh Rust bedank ook die Munisipale Bestuurder vir sy leiding en vir die res van die bestuurspan wat altyd die Raad met professionele advies bedien het.

Die Speaker, rdh N J A Rust, verdaag die vergadering.

GETEKEN:
SPEAKER